Handvlyt 2025-2026

# Papierkrale.

Die maak van papierkrale het sy oorsprong in Engeland. Dit was veral populêr gedurende die Victoriaanse Era. Jong dames het krale gemaak van afval stukkies muurpapier wat hulle om breinaalde gerol het. Krale is gepoleer met byewas voordat dit gestring is vir gordyne.

## Vereistes:

- Enige voltooide artikel gemaak van SELFGEMAAKTE papierkrale.

## Materiaal:

- Enige PAPIER, bv. origami, scrapbook, geskenk, tydskif, koerant en servette is toelaatbaar.
- Nat of droë gom kan gebruik word, bv. koue lym en/of gomstiffies.
- Snywerk kan met'n kunsmes, skêr, sierskêr of vryhand gedoen word.
- Naelpolitoer met of sonder blinkers is toelaatbaar vir'n mooi afwerking.
- Rol papier met 'n tandestokkie, sosatiestokkie, "split pin" of breinaald om gaatjies te vorm. Jou keuse hang af van die grootte van die gaatjie wat verlang word.
- Modge Podge, naellak, vernis of "Hard as Nails" is geskik vir afwerking en om krale te verhard.
- Bykomstige versiering bv. draad en glas/metaal krale is toegelaat maar mag nie 20% oorskry nie.

## Punteskaal:

- **Voorkoms - 60%**
  - Aanbieding is belangrik en mag die finale punt beïnvloed.
  - Geskiktheid van papierkrale vir die tipe artikel wat gemaak is.
  - Kleurkeuse en -samestelling moet die artikel se estetiese waarde verhoog.
  - Verhouding tussen krale en bykomende versiering (20%)moet gehandhaaf wees.
  - Interessantheid en oorspronklikheid van ontwerpvan die krale en die artikel.

- **Werksgehalte - 40%**
  - Netjiese sny- en rolwerk is belangrik. (Skêr of lemmetjie moet skerp wees.)
  - By juweliersware moet vasmakers netjies en korrek aangeheg wees.
  - Artikels met 'n draadraam, bv. Vrugtebak, moet vry wees van skerp punte.
  - Netjieseafwerking is belangrik.

# Bronne:

- Handleiding vir Handvlyt (2018), paperbeads.co.za, www.beadsandpieces.com,You tube en Pinterest
- Boeke: Paper Bead jewelery, Keiko Sakamoto, Paper Beads, DIY Paper Beads for beginners.

Vir meer inligting kontak gerus vir **Bettie Boshoff** by **082 355 7082.**